(1)



COMMISSION ON REGIONS
REF: 1/11/20/354

Voorlegging: Afbakeningskomitee: Streke
PLEK: KLERKSDORP
DATUM: 29 September 1993
VOORLEGGING DEUR: Ds. J.P. GROBLER (oud L.P. SKII 177-'87)
VERTEENWOORDIG/NAMENS:

(1) Thabazimbi Kultuurraad, t.w. alle skole, kerke, kultuurorganisasies, ens.
(2) Die Bergboegoe-klub: ekologiese beweging, lid van SA Dendrologiese Vereniging
(3) TBZ Jagtersvereniging
(4) Krokodilrivier B.V.
(5) TBZ Padraad (lid O/U)
(6) TBZ J.K.G en GPK (lid)

} Tradisioneel en histories deel van Pta-Rustenburg-TBZ Streek

In 'n neutedop: Dankie vir die voorreg om voor u geëerde kommissie te getuig. Ek as verteenwoordiger van (1) – (6) hierbo, en bewus van die inhoud van al die ander getuies se getuienis wat voor u dien, vanuit TBZ en Distrik/Streek, onderskryf graag die beginsel soos deur hulle gestel, nl.
"THABAZIMBI en streek, wes van die Matlabasrivier, word voortaan ingeskakel by Streek J."

Ek motiveer graag:

(1) Staatkundig: Ons was histories nog altyd deel van Rustenburg/Marico-kiesafdeling: eers vanaf die jongste delimitasie is ons by G ingedeel agv ons ex-L.P. # Ds. A.P. Treurnicht as Leier van die NP in Tvl se bemoeienis, dws om deel te word van WATERBERG-kiesafdeling.
(2) EKOLOGIES/MYNBOUKUNDIG:

Ons is nie deel van die Waterberg-kompleks nie, maar van die Suid-Wes-Tvl. Savannas, (EKOSISTEEM?) m.a.w. dit raak ons waterbronne t.w. 6 riviere en 8 groot damme plus die Magaliesberg Waterraad se voedingsarea. Veral ook ons deelwees van die Bosveld-stollingskompleks sisteem (vanaf Vryburg via Rustenburg - Northam tot Thabazimbi — 'n wêreldwonder!) is van uiterste belang.

(3) TBZ - Jagtersvereniging: Omdat ons ons eie besondere Ekosisteem het, is ons ook so gegroepeer dat ons eerder Noordwes-Tvl, Suid-Wes Tvl toebehoort as Noord-Oos. (Sien S.A. Jagtersvereniging; Potchefstroom Sentrum vir Ekologiese Studies; U.P. Sentrum vir Wildlewe, ens.).

(4) Onderwys en Kultuur: Ons was nog altyd ingedeel by die Streek Rustenburg, Pretoria, Potchefstroom, wat ook akademiesgesproke, ons Alma Mater is. Ook wat Sport betref soos Rugby, was ons tot 1992 deel van Stellaland Rugby-Unie.

(5) SATSWA: U ken die inhoud en wese daarvan: ons onderskryf dit (. ANC beveel aan: TBZ moet na T!!)

(6) TSWANAS: Hierdie is Tswana-wêreld; ons hoort nie tot die Noord-Sotho, VENDA en SJANGAAN-e tuisiteite nie. Toets gerus die Tswanas se gevoel!

(7) KROKODILRIVIER Boere Vereniging: Wil nie hoor van inskakel by G nie: waar lê TBZ en Streek se markte? Die Koers is suid- en suid-wes; ook daar lê ons markte. Afrika se deur vir ons gaan deur BOP en BOTSWANA, nie deur Lebowa, Venda en Gazankulu, nie!

(8) "Common Sence": Liewer nóg 'n goeie, sterk, natuurlike streek wat kan floreer om eventueel die hele RSA te help, as twee swak streke wat niemand kan help nie!

Geteken [signature]

Dr. J.P. GROBLER, (oud. L.P. Brits)

## STREEKREGERINGS

### INLEIDING

Streekregerings moet ekonomies lewensvatbaar wees. Opsie 1 van SATSWA word sterk gesteun met die insluiting van Carletonville/Oberholzer, Thabazimbi en Moratele. Hierdie gebied vorm 'n sterk eenheid wat die finansiële las van 'n Streekregering kan bekostig.

### MOTIVERING

Thabazimbi se insluiting het die voordeel dat die mynaktiwiteite met hoofdorp Rustenburg ook by die Tswana sprekende gebied ingesluit word wat noodsaaklik is.

Carletonville, Fochville en Oberholzer sal 'n sterk bydrae tot ekonomiese krag lewer en is tradisioneel deel van die Wes-Transvaal. Dit moet deel vorm van die Wes-Transvaal streek.

Moretele-gebied het grootliks ook Tswana sprekende inwoners en is deel van Bophuthatswana. Hierdie gebied is ook 'n belangrike gebied wat werksgeleenthede aan betref.

Bophuthatswana moet by hierdie gebied ingesluit word. Aangesien daar geweldige agterstande by die kleiner nedersettings/dorpe is wat opgehef moet word, is dit soveel te meer noodsaaklik dat die gebied so afgebaken word dat dit 'n sterk ekonomies lewensvatbare streek sal vorm.

### ALTERNATIEWE

Indien daar minder streke in SA moet wees kan die Vrystaat by Wes-Transvaal ingesluit word met die voorbehoud dat die volgende gebiede ook hierby ingesluit moet wees:

1. Vaaldriehoek-gebied dit wil sê Sasolburg, Vanderbijlpark en Vereeniging. Hierdie gebied sal die ekonomiese basis van die streek versterk wat deur 'n relatiewe onekonomiese Vrystaat regstel sal word.

2. Kimberley wat geskiedkundig eintlik deel van die Vrystaat was.

### VOORBEHOUD

Indien opsie 2 hierbo met Vrystaat afgebaken word, word daarop aangedring dat die volgende gebiede ook in een streek saamgevoeg word:

1) Oos- en Noord-Transvaal
2) Wes- en Noord-Kaap
3) Ciskei, Transkei en Oos-Kaap.